

Skriflesing: 2 Timoteus 1:1-18

Paulus skryf sy laaste brief aan die jongman Timoteus omdat Timoteus swaarkry. Hy beleef 'n donker tyd in sy lewe. Hy is moeg en op moed verloor se vlakke. Hy kry soveel teenstand van onder andere dwaalleraars. Paulus, sy geloofsvader, sit in tronk. Dit maak hom skaam en as jongman selfs bang om die evangelie te verkondig. Onder Romeinse oorheersing huiwer die Christendom op die randjie van uitwissing.

Gaan ek kind van die Here kan bly?

Daar is baie mense wat die evangelie bevraagteken en selfs daaroor spot. Gaan die Christendom oorleef? Daar is soveel dwaalleer, ook binne die NG kerk, moet ek steeds die evangelie van verlossing deur Jesus Christus bly verkondig? Ek wil nie mense hiermee aanstoot gee nie.

Dit is vrae wat Paulus beantwoord. Hy bemoedig ons aan om te fokus op God.

Kind van die Here en kerkwees hang nie in eerste plek van jouself af nie.

1. Kind van Here wees en geloof begin by God.

Ons lees in 2 Tim: "Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dae nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het. Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring." (2 Tim 1: 9-10)

"Om dié rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou." (2 Tim 1:12)

Dit is God wat ons geloof en sy kerk van begin tot einde instand hou. Ons stap nie vanoggend in eie krag hier uit nie. Hy stuur ons uit met die versekering van sy genade, barmhartigheid en vrede wat by elkeen van ons is.

Nie net word ons geloof deur God gebou nie, ons geloof word ook versterk en gebou deur medegelowiges

Ons word van geloof geleer en tot geloof gelei binne in ons huisgesin. Timoteus se geloof kom oor geslagte heen. Die spreekwoord: "die appel val nie ver van die boom nie" is waar as ons van geloof praat.

Geloof word versterk deur medegelowiges. Paulus is duidelik baie lief vir die jongman Timoteus. Hy noem hom sy geliefde seun. Hulle het met afskeidstrane gegroet. Dit sal vir hom 'n groot vreugde wees om hom weer te sien. Hy bid dag en nag vir hom.

Die huisgesin van Onesiforus het Paulus dikwels kom opbeur.

Ons het mekaar so nodig. Daarom is dit so belangrik om aan 'n kleingroep te behoort.

Nie net word ons geloof deur God gebou nie, Hy gee ook vir ons die Heilige Gees.

2. Hy gee die Heilige Gees as die dinamiet van God in ons.

Ons lees in 1 Tim 2:7: "Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing." Die Gees gee ons liefde wat brue bou, krag wat ons in beweging bring en hou en selfbeheersing wat lei tot nugterheid in ons lewe en denke.

Ons moet ons voortdurende deur die Heilige Gees laat vul. Gee die Heilige Gees beheer van alles wat jy dink, sê en doen.

Die Gees gee vir elkeen van ons 'n gawe of gawes. As ons dit nie gebruik nie, gaan daar as om vorm soos by kooltjie wat nie in die vuur is nie en dit gaan koud word. Gawes werk soos die rugbyterm: "use it or

lose it.” Ons moet ons gawe soos ‘n vuur aanblaas, met ander woorde ons moet dit gebruik anders gaan ons dit verloor.

Die Heilige Gees gee ons gawes en maak van ons getuies.

3. Die Heilige Gees maak ons getuies wat die evangelie vreesloos verkondig.

Ons lees in 2 Tim 1:8a: “Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie...”

Baie van ons het verskonings om nie die evangelie te verkondig nie. As daar iemand was wat ‘n verskoning gehad het, dan was dit Timoteus. Hy was van gemengde afkoms. Sy ma was ‘n Jood en sy pa ‘n Griek. Hierdie afkoms het dinge soms vir hom moeilik gemaak. Tog getuig hy.

Ons moet om geen rede skaam wees om die evangelie van verlossing deur Jesus Christus te verkondig nie. Maak nie saak wat mense sê nie. Hou jy onverskrokke aan om die evangelie te verkondig. Gryp elke geleentheid aan.

Om so ‘n getuie te wees gaan nie maklik wees nie. Daar is nog te veel mense wat glo dat as jy jou lewe aan die Here gee en Hom dien, alles net sal goedgaan.

4. Ons gaan teenstand beleef, maar ons krag is in God.

Paulus sit in tronk as hy hierdie brief skryf. Hy is vals beskuldig. Hy praat van mense wat hom ondersteun, maar ook van sy medewerkers wat hom in die steek gelaat het. Sy dood is nie meer baie ver nie. Volgens buite Bybelse bronne is hy onthoof vir sy geloof.

Vervolging, spot en verwerping is normaal deel van Christenwees. As ons nie iets hiervan ervaar nie, moet ons weer besin oor ons Christenwees. As ons ly vir ons geloof, is ons in goeie geselskap. As ons werk op aarde voortsit, sal ons in die lot van Christus deel. Timoteus het later self in die tronk beland omdat hy die evangelie verkondig het.

Mense gaan vals leerstellings versprei, sommige gaan geestelik uit pas raak en kettery sal toeneem. So is verlede week ‘n swanger Christenvrou in Soedan die doodstraf opgelê omdat sy na bewering Islam versaak het. Aangesien sy met ‘n Christen getroud is, ‘n huwelik wat daarom nie erken word nie, moet sy ook 100 houe vir ontug ontvang.

Jy gaan teenstand, swaarkry en verdagmakery ervaar as jy in diens van Christus staan. Maar jou krag is in God. Ons lees in 2 Tim 1:8c: “Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee.”

Afsluiting

Fokus op God. Hy roep ons en gee ons geloof om in sy diens te staan. Om in die Here se diens te staan, is nie maklik nie. Ons moet bereid wees om opofferings te maak wat soms bo-menslik is.

Maar ons leef, glo en getuig nie in eie krag nie. God maak ons sterk in geloof. Die Heilige Gees as dinamiet van God werk sy liefde, krag en selfbeheersing in ons. Hy stel ons instaat om, ten spyte van die prys wat dit vir ons vra, onverskrokke voluit diensbaar te bly.

Amen